

# DIE SKIETLOOD

Hierdie SKIETLOOD: 6e Uitgawe saam met  
KOERSVAS

Uitgawe 7 Jaargang 1 25 Januarie 2013

## Watter stel standarde?

Die SKIETLOOD word soms uitgegee saam met KOERSVAS.

'n Skietlood is 'n lyn met 'n stuk lood of 'n ander gewig aan. Dit kan gebruik word om te bepaal of 'n muur of konstruksie vertikaal loodreg gebou is. Aan die ander kant kan daar merkies op die lyn wees (steeds met die gewig aan) en dan word die lyn gebruik om hoogte of diepte te bepaal. In afgeleide sin is 'n geestelike skietlood die toets wat aangebring word om die diepte van 'n argument te bepaal of om die houdbaarheid van 'n situasie of argument te bepaal.

In hierdie SKIETLOOD word daar gekyk na die standarde wat daar in die huidige kerkkrisis gebruik word. In enige menslike situasie het elk 'n eie perspektief en daarom is geen stelling objektief nie. Tog wil dit lyk asof daar dubbele standarde is in meer as een opsig.

In die algemeen kan daar verwys word na die manier waarop die steeds-Hervormers deur die KommAKV hanteer is. Kom ons wees eerlik, daar is van beide kante rede tot selfondersoek,

die veronderstelling is egter dat die KommAKV as verkose liggaam een stel reëls regverdig sal toepas. Die hantering van byvoorbeeld die bestuur van die predikantevergadering staan in skrilte kontras met die hantering van die steedsHervormers. Die bestuur van die predikantevergadering is wel opgeroep. Hulle het verskoning gevra vir die feit dat hulle mense ontstel het en die saak is daar gelaat. Die inhoudelike aanstoot van hulle stildiens en loopnagmaal het 'n stille dood die nag in gewandel. Aan die ander kant staan in skrilte kontras die KommAKV se hantering van 'n ernstige saak soos die Staat van Belydenis. Waar die bestuur van die predikantevergadering met handskoene behandel is, sou die sH lidmate maar net kon hoop op bokshandskoene. Die ervaring is dat daar sonder terughou, kaalvuis ingeklim is in 'n aanmatigende verwerping van 'n dokument, wat in alle erns aangebied is.

Die nutste voorbeeld is in Potchefstroom te vinde. Ds Jaap Steenkamp word op meer as een manier deur die KommAKV en die Ringskommissie onder die vergrootglas



gehou. Vir baie sH lidmate lyk dit na viktimisasie. Een van die sake waaraan hy skynbaar skuldig is, is die hou van inligtingsvergaderings. Hoe moet lidmate ingelig word? Die KommAKV sal kwalik dokumente versprei wat al hulle foute en flaters uitblaker. Die inligting oor ernstige kwellinge in die NHKA word onder andere deur die hou van inligtingsvergaderings versprei. Dit is skynbaar onkerkordelik en haal die verspreiders van die inligting die grimmigheid van die KommAKV op die hals.

Aan die ander kant is dit skynbaar mooi en edel vir 'n prominente lid van die KommAKV om by sy kerkgebou te Grimbeeckpark, 'n inligtingsvergadering te hou oor Die Wilge se besluit om eiendom te beveilig. Die uitnodiging was spesifiek aan sekere lidmate van die gemeente gerig terwyl ander langs 'n ompad moes hoor van die byeenkoms. Waarom 'n inligtingsvergadering elders hou as in die kerkgebou van die gemeente wat ter sprake is? Watter sake is alles bespreek? Watter veroordelende uitsprake is gemaak?

Hiermee wil ons nie te kenne gee dat inligtingsvergaderings van die bose is nie. 'n Algemene uitnodiging met die

instemming en mede-wete van Ouderlinge en predikant, is 'n goeie begin.

Nie alles wat in so 'n vergadering gestel word is relevant nie, en nie alles wat belangrik is word noodwendig gesê nie. Dit skep die geleentheid vir gesprek. Die vraag wat gestel moet word is na die hantering van sodanige vergaderings. Die KommAKV kan nie aan die een kant sH predikante vervolg omdat hulle inligtings-vergaderings hou en aan die ander kant juis dit doen nie. Dit sal nie verbaas indien daar 'n beswaarskrif teen die predikant die lewenslig sien nie. Een stel standarde asseblief!